higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N590**(A)**(J12)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N5

(4090495)

**12 Junie 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 2 antwoordblaaie.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Beantwoord VRAAG 1 op die ANTWOORDBLAD (aangeheg) en AL die ander vrae in die ANTWOORDBOEK.

3. Skryf jou EKSAMENNOMMER op elke ANTWOORDBLAD in die ruimte wat verskaf word. Plaas die ANTWOORDBLAAIE binne die ANTWOORDBOEK.

4. Lees AL die vrae aandagtig deur.

5. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1: JOERNALE

Die volgende joernale is verkeerd deur 'n onervare boekhouklerk by KINGSTON LANDBOU-ONDERNEMING vir die maand van Desember 2017 gedoen:

**KONTANTBETALINGSJOERNAAL – DESEMBER 2017**

| Dok. nr. | Dag | Besonderhede en ontvanger | Fol. | Bank | Produksievoorraad | Lone | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| KB1 | 1 | Lening van bank verkry | | R40 000 | | | R40 000 |
| KB2 | 2 | Kunsmis op rekening by Tonton gekoop | | R8 000 | R8 000 | | |
| KB3 | 3 | Versekering-uitbetaling | | R25 000 | | R25 000 | |
| KB4 | 4 | Tjek ontvang van debiteur, Taken | | R10 000 | | | R10 000 |
| KB5 | 5 | Kontantverkope van groente | | R6 000 | R6 000 | | |
| KB6 | 6 | Onttrekkings deur eienaar | | R7 000 | | | R7 000 |
| KB7 | 7 | Verkope van groente op krediet aan die verkoper, Takeall | | R2 000 | | R2 000 | |
| | | | | R98 000 | R14 000 | R27 000 | R57 000 |

**KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL – DESEMBER 2017**

| Dok.nr. | Dag | Besonderhede | Fol. | Ontleding van kwitansies | Verkope | Debiteure | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| KO8 | 8 | Betaal water en ligte | | R4 000 | | | R4 000 |
| KO9 | 9 | Plaagdoder op krediet by Tonton gekoop | | R2 500 | R2 500 | | |
| KO10 | 10 | Verkoop groente op krediet aan Tenten | | R6 000 | | R6 000 | |
| KO11 | 10 | Koop perd by Twotwo op rekening | | R3 500 | R3 500 | | |
| KO13 | 13 | Betaal krediteur Tenten vir onderdele | | R10 000 | R10 000 | | |
| KO15 | 15 | Versekeringspremie vir trekker | | R2 000 | | | R2 000 |
| KO17 | 17 | Kontantverkope vir groente | | R18 000 | R18 000 | | |
| | | | | R46 000 | R34 000 | R6 000 | R6 000 |

Kopiereg voorbehou

**KREDITEUREJOERNAAL – DESEMBER 2017**

| Dok.nr. | Dag | Krediteure | Fol. | Totaal krediteure | Produksievoorraad | Diverse bedrae |
|---|---|---|---|---|---|---|
| KJ18 | 18 | Betaal lone | | R10 000 | | R10 000 |
| KJ19 | 19 | Verkoop groente op krediet aan Takenmarket | | R15 000 | R15 000 | |
| | | | | R25 000 | R15 000 | R10 000 |

**DEBITEUREJOERNAAL – DESEMBER 2017**

| Dok.nr. | Dag | Krediteure | Fol. | Totaal krediteure | Produksievoorraad | Diverse bedrae |
|---|---|---|---|---|---|---|
| DJ22 | 22 | Betaal krediteur Cashgrow vir produksievoorraad | | R8 000 | R8 000 | |
| DJ23 | 23 | Neem kontant vir huishoudelike kruideniersware | | R4 000 | | R4 000 |
| | | | | R12 000 | R8 000 | R4 000 |

Boekstaaf bostaande inskrywings korrek in die onderskeie joernale soos volg:

1.1 Kontantbetalingsjoernaal (17)

1.2 Kontantontvangstejoernaal (9)

1.3 Krediteurejoernaal (7)

1.4 Debiteurejoernaal (7)
**[40]**

## VRAAG 2: ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN BOERDERYRESULTATE

2.1 Noem DRIE verskillende soorte kriteria wat gebruik word in die ontleding van 'n balansstaat. (3 × 1) (3)

2.2 Verduidelik kortliks hoekom die ontleding en interpretasie van plaasbestuur-inligting uiters belangrik vir die plaaseienaar is. (3)

2.3 Noem VYF *inset-tot-uitset-verhoudings* wat deel van die ontleding van die inkomstestaat vorm. (5 × 1) (5)

2.4 Vergoeding aan verskaffers van vreemde kapitaal is die laaste aftrekking van die netto plaasinkomste om die plaas se wins te bepaal.

2.4.1 Watter TWEE verhoudings kan knelpunte toon rakende vergoeding vir vreemde kapitaal? (2 × 1) (2)

2.4.2 Gee die formule vir die TWEE verhoudings wat in VRAAG 2.4.1 genoem is. (2 × 2) (4)

2.5 Die balansstaat en inkomstestaat hier onder is vir 'n sekere landbou-onderneming vir die tydperk Januarie 2017 tot 31 Desember 2017.

**BALANSSTAAT SOOS OP 31 DESEMBER 2017**

| LASTE | (R) | BATES | (R) |
|---|---|---|---|
| **Bedryfslaste** | | **Bedryfsbates** | |
| Krediteure | 17 000 | Produksievoorraad | 30 000 |
| Oortrokke bank | 8 000 | Debiteure | 15 000 |
| | | Handelsvoorraad | 30 000 |
| | **25 000** | | **75 000** |
| | | | |
| **Mediumtermynlaste** | | **Beleggings** | |
| Saldo op paaiementverkope | **70 000** | Aandele by plaaslike koöperasie | **100 000** |
| | | | |
| **Langtermynlaste** | | **Roerende bates** | |
| Verband | 300 000 | Motorvoertuie | 200 000 |
| Kredietlening | 100 000 | Toerusting en gereedskap | 150 000 |
| | **400 000** | Vee | 100 000 |
| | | | **450 000** |
| | | | |
| | | **Vaste bates** | |
| | | Grond en geboue | 550 000 |
| TOTALE LASTE | **495 000** | | **1 175 000** |
| NETTO WAARDE | **680 000** | | |
| **TOTALE NETTO WAARDE EN LASTE** | **1 175 000** | **TOTALE BATES** | **1 175 000** |

Kopiereg voorbehou

**INKOMSTESTAAT VIR DIE TYDPERK 1 JANUARIE 2017 TOT 31 DESEMBER 2017**

| | PRODUKSIETAK | | |
|---|---|---|---|
| | **Gewasse (R)** | **Vee (R)** | **Totaal (R)** |
| **Verkope** | | | |
| Kontant | 80 000 | 100 000 | 180 000 |
| Krediet | 70 000 | 150 000 | 220 000 |
| Versekeringuitbetaling | 30 000 | | 30 000 |
| Totale verkope | **180 000** | **250 000** | **430 000** |
| **Verbruik** | | | |
| Arbeid | 20 000 | 20 000 | 40 000 |
| Huishoudings | 10 000 | 10 000 | 20 000 |
| Totale verbruik | **30 000** | **30 000** | **60 000** |
| **Voorraadaanpassings** | | | |
| Eindvoorraad | 45 000 | 60 000 | 105 000 |
| Minus: Aanvangsvoorraad | -18 000 | -22 000 | -40 000 |
| Totale voorraadaanpassings | **27 000** | **38 000** | **65 000** |
| **Bruto produksiewaarde** | **237 000** | **318 000** | **555 000** |
| **Minus: Produksie-, bemarkings- en administratiewe koste** | | | |
| Eiendomsbelasting | | | 56 000 |
| Saad, voer en plaagdoder | | | 60 000 |
| Herstel- en instandhoudingskoste | | | 50 000 |
| Waardevermindering van toerusting en masjinerie | | | 25 000 |
| Koste van brandstof | | | 30 000 |
| Koste van arbeid | | | 55 000 |
| Ander plaasuitgawes | | | 20 000 |
| Totale produksie-, bemarkings- en administratiewe koste | | | **296 000** |
| **Netto plaasinkomste** | | | **259 000** |
| **Minus: Vergoeding vir vreemde kapitaal** | | | |
| Rente | | | 35 000 |
| Grondhuur | | | 24 000 |
| Totale vergoeding vir verskaffers van vreemde kapitaal | | | **59 000** |
| **Plaaswins** | | | **200 000** |

Gebruik die balansstaat en inkomstestaat hier bo en bereken die volgende verhoudings. Toon ALLE bewerkinge, formules en eenhede:

2.5.1 Vuurproefverhouding ('acid test ratio') vir die jaar geëindig 2017 (4)

2.5.2 Hefboomverhouding ('gearing ratio') vir die jaar geëindig 2017 (4)

Kopiereg voorbehou 

2.5.3 Ontleding van die samestelling van die bruto produksiewaarde (BPW) (4)

2.5.4 Totale PBA-koste (produksie-, bemarkings- en administratiewe koste) per R100 BPW (4)

2.5.5 Netto plaasinkomste per R100 BPW (4)

2.5.6 Rente en grondhuur per R100 NPI (netto plaasinkomste) (3)
**[40]**

## VRAAG 3: HULPBEGROTINGS

3.1 Verduidelik die belangrikheid van 'n gedeeltelike begroting. (3)

3.2 Verduidelik die unieke kenmerke wat die *gedeeltelike begroting* van die *takbegroting* onderskei. (2 × 2) (4)

3.3 Verduidelik die term *parametriese ontleding van die marge bo gespesifiseerde koste.* (3)

3.4 Noem DRIE ander items waaruit die takbegroting bestaan, buiten die item wat in VRAAG 3.2 genoem is. (3 × 2) (6)

3.5 Die volgende inligting is beskikbaar vir 'n sekere landbou-onderneming met 70 hektaar jaarlikse mielieproduksie:

| BESKRYWING | KOSTE |
|---|---|
| Koste van kontrak-oestery | R400 per hektaar |
| Versekering | R1 000 per maand |
| Dieselkoste | R120 per hektaar |
| Koste van operateur | R80 per hektaar |
| Rentekoste | R1 500 per maand |
| Waardeverminderingskoste | R12 000 per jaar |

Bereken die gebruik van 'n winsdrempelbegroting ('break-even budget'), die aantal hektaar mielies wat jaarliks geoes kan word om die aankope van 'n stroper in plaas van die huur daarvan te regverdig. (9)

Kopiereg voorbehou 

3.6 Die eienaar van die landbou-onderneming wat in VRAAG 3.5 genoem is, oorweeg dit om 'n stroper te koop.

Stel 'n gedeeltelike begroting op om die verandering in die wins van die landbou-onderneming te bepaal as die stroper gekoop word. Gebruik die inligting hier onder:

| BESKRYWING | KOSTE |
|---|---|
| Koste van stroper | R200 000 |
| Verwagte bergingswaarde ('salvage value') van stroper | R25 000 |
| Verwagte nuttige lewensduur van stroper | 5 jaar |
| Geleentheidskoste van kapitaal | 15% per jaar |
| Versekering per maand | R1 000 |
| Veranderlike koste van stroper | R150 per hektaar |
| Kontrakprys vir oestery | R1 000 per hektaar |

(11)

3.7 'n Landbou-onderneming belê R100 000 in 'n vastedeposito-rekening by 'n plaaslike bank met die plan om dit te gebruik om oor twee jaar 'n motorvoertuig te koop. Die motorvoertuig sal dan R180 000 kos.

Gegewe 'n saamgestelde rentekoers van 20% jaarliks saamgestel, bereken en bepaal of die belegging genoeg sal wees om die motorvoertuig te koop. (4)

**[40]**

## VRAAG 4: KAPITAALBEHOEFTES, -VORME EN -BRONNE

4.1 Definieer die term *finansiering*. (2)

4.2 Beskryf hoekom *doeltreffende finansiering* 'n beter manier is om finansiering vir 'n landbou-onderneming te verkry in vergelyking met *algemene finansiering*. (3)

4.3 Onderskei tussen *tydelike kapitaal* en *permanente kapitaal.* (2 × 2) (4)

4.4 Noem die faktore wat die omvang van kapitaalbehoeftes in 'n landbou-onderneming beïnvloed. (5 × 1) (5)

4.5 Verduidelik hoe die faktore wat in VRAAG 4.4 genoem is die omvang van die kapitaalbehoeftes beïnvloed. (5 × 2) (10)

4.6 Noem TWEE vorme van kapitaal wat aan 'n landbou-onderneming beskikbaar is wat vreemde kapitaal verteenwoordig. (2)

4.7 Bespreek die rol van *landbou-koöperasies* en *privaat persone* as bronne van kapitaal. (2 × 3) (6)

4.8 Eie kapitaal is die veiligste vorm van kapitaal vir 'n landbou-onderneming omdat dit nie aan enigiemand terugbetaal hoef te word nie en geen rente daarop oploop nie.

Adviseer 'n voornemende boer oor hoe hy/sy sy/haar eie kapitaal kan bekom as hy/sy wins wil maksimaliseer. (5)

Kopiereg voorbehou 

4.9 Gee aanbevelings aan 'n landbou-vennootskap wat so pas 'n kredietlening van die Landbank gekry het oor hoe die fondse gebruik kan word. (5 × 1) (5)

4.10 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.10.1–4.10.5) in die ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

4.10.1 Menslike hulpbronne is die belangrikste kapitaalbate in landbou.

4.10.2 Beslote korporasies wat by landbou betrokke is, kan ook toegang tot fondse van die Landbank verkry.

4.10.3 Langtermynlenings wat deur versekeringsmaatskappye uitgereik word, kan vir tydperke tussen 60 tot 80 jaar gegee word.

4.10.4 Landbou-koöperasies kan 'n retensiereg ('lien') oor die oeste van hulle lede hou aan wie hulle krediet toestaan.

4.10.5 Verbandlenings kan gebruik word om 'n landbou-onderneming te vestig en vee aan te koop.

(8)
**[50]**

## VRAAG 5: DIE FINANSIERINGSBELEID VAN 'n LANDBOU-ONDERNEMING

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 … beteken dat die koste van leenkapitaal vergelyk word met die opbrengskoers op die totale kapitaal.

A Doeltreffende finansiering
B Voordelige finansiering
C Finansiering
D Finansieringsbeleid

5.1.2 Die risiko dat die uitset in landbou minder kan wees as verwag, word 'n …risiko genoem.

A prys
B sake-
C likiditeits
D opbrengs

5.1.3 Die ...benadering is NIE 'n benadering tot die gebruik van bedryfskapitaal nie.

A bypassende
B konserwatiewe
C eiekapitaal-
D aggressiewe

5.1.4 Watter van die volgende stellings oor die handhawing van likiditeit is korrek?

1 'n Landbou-onderneming moet sy skuld betyds kan betaal.
2 Die tydperk van die lening moet verband hou met die nuttige lewensduur van die bate wat met die lening aangekoop is.
3 'n Likiede landbou-onderneming moet voldoende eie kapitaal hê.
4 'n Landbou-onderneming moet uitgawes aangaan wat verband hou met die diskontinuïteit van die onderneming.

A 1 en 2 is korrek
B 2 en 3 is korrek
C 1, 2 en 3 is korrek
D 1, 2, 3 en 4 is korrek

5.1.5 Die leenkapitaal van 'n landbou-onderneming moet … die eie kapitaal in 'n landbou-onderneming wat finansieel sterk is.

A minder wees as
B meer wees as
C gelyk wees aan
D Geeneen van bogenoemde nie

(5 × 1) (5)

5.2 Bespreek hoe 'n landbou-onderneming vorige, huidige en toekomstige kapitaalbehoeftes kan assesseer. (3 × 3) (9)

5.3 Noem die VYF *finansiële state of kriteria* wat die boer se vorige en huidige finansiële omstandighede kan weerspieël. (5)

5.4 Noem die finansiële inligting wat 'n boer aan die Landbank moet verskaf as bewyse dat hy/sy kan bekostig om die lening terug te betaal indien dit toegestaan word. (5 × 1) (5)

5.5 Gee raad aan die boer wat in VRAAG 5.4 genoem is oor wat hy/sy as bykomende sekuriteit kan gebruik vir 'n lening van die Landbank. (3 × 2) (6)

**[30]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

**ANTWOORDBLAD**

**EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

## VRAAG 1: JOERNALE

1.1 **KONTANTBETALINGSJOERNAAL – DESEMBER 2017**

| Dok. nr. | Dag | Besonderhede en ontvanger | Fol. | Bank | Produksievoorraad | Lone | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

(17)

1.2 **KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL – DESEMBER 2017**

| Dok. nr. | Dag | Besonderhede | Fol. | Ontleding van kwitansies | Verkope | Debiteure | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

(9)

**ANTWOORDBLAD**

**EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

1.3 **KREDITEUREJOERNAAL – DESEMBER 2017**

| Dok.nr. | Dag | Krediteure | Fol. | Totaal krediteure | Produksievoorraad | Diverse bedrae |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

(7)

1.4 **DEBITEUREJOERNAAL – DESEMBER 2017**

| Dok.nr. | Dag | Krediteure | Fol. | Totaal krediteure | Produksievoorraad | Diverse bedrae |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

(7)

**[40]**

Kopiereg voorbehou